

REKONSILIASIE

Wat is nuut?

- **17 September 2018 - Indiening van Interim Werkgewer Rekonsiliasies**
Die Interim Werkgewer Rekonsiliasie indieningstydperk is oop vanaf 17 September tot 31 Oktober 2018. Gedurende die interim rekonsiliasie indieningstydperk, word werkgewers vereis om 'n Werkgewer Rekonsiliasieverklaring (EMP501) en 'n Interim Werknemerinkomstebelastingcertifikaat [IRP5/IT3(a)] in te dien vir die ses maandetydperk - 1 Maart tot 31 Augustus 2018. Die interim IRP5/IT3(a)'s moet nie aan 'n werknemer uitgereik word nie, tensy dit 'n finale sertifikaat is (waar die werknemer die diens van die werkgewer verlaat het of die werkgewer nie meer 'n werkgewer is nie, op of voor 31 Augustus 2018). [Lees meer oor die veranderinge](#).
- **10 Junie 2018 - LBS BRS vir Werkgewer Rekonsiliasie (Augustus 2018 vrystelling) weergawe 17.2 gepubliseer.**
- **14 Junie 2018 - LBS BRS vir Werkgewer Rekonsiliasie (Augustus 2018 vrystelling) weergawe 17.1 gepubliseer.**
- **1 Junie 2018 - 2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2017 - 28 Februarie 2018)**
Jy word vriendelik ingelig dat die sperdatum vir die indiening van Lopende Betaalstelsel (LBS) Werkgewer Jaarlikse Rekonsiliasies vir die tydperk 1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018, wat belastingbedrae, wat verklaar is met betrekking tot die 2017/18 belastingtydperk, bevestig of regstel, nou gesluit het (vanaf 31 Mei 2018). Jou rekonsiliasies is laat en moet sonder enige verdere vertraging ingedien word, omdat jy aan boetes onderhewig kan wees.
- **1 April 2018 - 2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018) - GESLUIT**
Werkgewers word vereis om hul Lopende Betaalstelsel (LBS) Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasies tussen 1 April en 31 Mei 2018, wat belastingbedrae bevestig of regstel, wat ten opsigte van die 2017/18 belastingtydperk verklaar is, in te dien.

Besigheidsvereistes Spesifikasies (BRS) en tydlyne

Besigheid Vereiste Spesifikasie	Jaar van toepassing	Indieningsdatums*
BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2018/19	2019 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie 1 Maart 2018 - 28 Februarie 2019	Interim: 17 Sep - 31 Okt 2018 Jaarliks: 1 Apr - 31 Mei 2019
BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2017/18	2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2017 - 28 Februarie 2018)	Interim: 15 Sep - 31 Okt 2017 Jaarliks: 1 Apr - 31 Mei 2018
BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2016/17	2017 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2016 – 28 Februarie 2017)	Interim: 12 Sep - 31 Okt 2016 Jaarliks: 1 Apr - 31 Mei 2017

**Die finale indieningstydperke is onderhewig aan besigheidsvereistes/gereedheid en kalender werksdae datums. Finale bevestiging sal ten tyde van die toepaslike indieningstydperk gekommunikeer word.*

Wat is rekonsiliasie?

Dit behels dat 'n werkgewer 'n akkurate Werkgewer Rekonsiliasieverklaring (EMP501) en werknemerbelastingcertifikate [IRP5/IT3(a)] uitgereik word, en, indien van toepassing, 'n Belastingcertifikaat Kansellasieverklaring (EMP601).

Die drie elemente wat moet versoen (rekonsilieer) vir jou indiening om suksesvol te wees, is:

- Maandelikse Werkgewerverklarings (EMP201's) ingedien [Lopende Betaalstelsel (LBS) en/of Vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH), Werkloosheidversekeringsfonds (WVF) bedrae verskuldig en [Indiensnemingbelastingaansporing \(ETI\)](#), indien van toepassing]
- Betalings gemaak (uitsluitend boete en rente betalings)
- IRP5/IT3(a)'s gegeneer - LBS, VOH en WVF waardes.

Vir wie is dit?

Werkgewers moet hul rekonsiliasie indien teen die datum gepubliseer in die [staatskoerant](#).

Hoe en wanneer moet indienings gemaak word?

Rekonsiliasie verklarings moet twee keer gedurende die jaar van aanslag ingedien word, vir die:

- Interim tydperk - wat vir die ses maandetydperk vanaf 1 Maart tot 31 Augustus is
- Jaarlikse tydperk - wat vir die volle jaar vanaf 1 Maart tot 28/29 Februarie is.

Die Bedryfsvereistespesifikasie (BRS) omskryf die data indieningsvereistes vir die belastingcertifikate [IRP5/IT3(a)], en die rekonsiliasie vir LBS, VOH, WVF en/of **ETI**, indien van toepassing.

Besigheid Vereiste Spesifikasie	Jaar van toepassing	Indieningsdatums*
BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2017/18	2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2017 - 28 Februarie 2018)	Interim: 15 Sep - 31 Okt 2017 Jaarliks: 1 Apr - 31 Mei 2018
BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2016/17	2017 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2016 – 28 Februarie 2017)	Interim: 12 Sep - 31 Okt 2016 Jaarliks: 1 Apr - 31 Mei 2017

**Die finale indieningstydperke is onderhewig aan besigheidsvereistes/gereedheid en kalender werksdae datums. Finale bevestiging sal ten tyde van die toepaslike indieningstydperk gekommunikeer word.*

Om jou rekonsiliasie aanlyn te voltooi is die vinnigste, maklikste en mees gerieflike opsie. Jy kan gebruik maak van:

- [e@syFile™ Employer](#), of
- [eFiling](#), indien jy 50 IRP5/IT3(a)'s of minder het.

Kopieë van alle verklarings wat ingedien is, asook verwante stawende dokumente (relevante materiaal) moet vir vyf jaar gehou word.

Top wenk: Sou jou indiening nie balanseer regoor die drie elemente [EMP201, betalings gemaak en IRP5/IT3(a)'s] nie, sal ons jou per brief in kennis stel.

Moenie die volgende belangrike besonderhede vergeet nie:

1. Maak seker jy het die nuutste weergawe van [e@syFile™ Employer](#) beskikbaar. Om die nuutste weergawe af te laai, [klik hier](#).

2. Voer die elektroniese werknemerbelastingcertifikate [IRP5/IT3(a)'s] CSV lêers in vanaf jou huidige salarisrolstelsel.

3. Rekonsilieer jou EMP501 -

- Lê alle bykomende per hand IRP5/IT3(a)'s vas, en [e@syFile™ Employer](#) sal die inligting gebruik, van al die belastingcertifikate, om outomaties die sertifikaattotale vir jou EMP501 te bereken.
- Sleutel jou maandelikse aanspreeklikhede, betalings en [Indiensnemingbelastingaansporing \(ETI\)](#) inligting in, indien van toepassing, en [e@syFile™ Employer](#) sal die res bereken!

4. Salarisrolbelasting wat per hand voltooi en gepos word, word nie meer aanvaar nie. Sodanige vorms sluit in:

- [Maandelikse Werkgewer Verklaring \(EMP201\)](#)
- [Werkgewer Rekonsiliasie Verklaring \(EMP501\)](#)
- [IRP5/IT3\(a\)'s](#)
- [Belastingcertifikaat Kansellasieverklaring \(EMP601\)](#)
- [Rekonsiliasie Verklaringaanpassing \(EMP701\)](#).

Top wenk: 'n Uitsondering word gemaak vir werkgewers met 'n maksimum van vyf IRP5/IT3(a)'s. Die werkgewer kan steeds na 'n [SARS-tak](#) gaan waar 'n agent sal help om sodanige IRP5/IT3(a)'s en die EMP501 vas te lê.

Hierdie elektroniese kanale is gratis, gerieflik en 24 uur per dag beskikbaar.

5. Maak seker dat jou rekonsiliasie indiening balanseer.

- Die EMP501 moet na jou EMP201's rekonsilieer, wat gedurende die tydperk ingedien moes wees (wat jou 'n kans gun om dit reg te stel, indien nodig).
- Die EMP201's moet na betalings, wat vir die tydperk gemaak is, rekonsilieer.
- Die EMP201-betalings moet na jou gegenereerde IRP5/IT3(a)'s rekonsilieer.

Top wenk: Indien jy probleme ondervind as gevolg van duplikaat of onvoltooide EMP501 indienings wat op e@syFile™ Employer gemaak is, [lees hier verder](#).

6. Stuur jou rekonsiliasie voor die sperdatum om te verhoed dat boetes en rente gehef word.

Neem asseblief kennis: Jy kan nie meer indienings op 'n kopieskyf by 'n SARS-tak indien nie.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- [Sesotho](#)
- [IsiZulu](#)
- [Afrikaans](#)